WORTEL OOR ROTS - SEKIJOJO

T ROOS

In hierdie styl word die boom op die klip geplaas terwyl die wortels oor die rots, tot in die houer afgroei. Beide die boom en wortels groei vinnig as gevolg van voldoende grond en jong materiaal kan redelik vinnig tot 'n boom ontwikkel word. Die boom en klip word met die tyd een en kan nie meer geskei word nie.

'n Growwe klip met slote of krake en wat donker van kleur is, is veral geskik. Die stam en wortels van Wildevye is oor die algemeen lig van kleur en sal beter kontrasteer met 'n donker klip. Pasop vir 'n te swaar klip (Ons word nie jonger nie!).

Die boom moet oor lang wortels beskik wat nog maklik gebuig kan word. 'n Ou boom met harde dik wortels sal nie werk nie. Die boom word vir 'n tydperk in 'n lang dun houer gekweek en sodoende word lang en soepel wortels ontwikkel. Die grondmengsel binne hierdie houer bestaan uit gelyke dele riviersand en kompos.

Die boom word op die klip geplaas sodat beide die beste kante van die boom en die klip voor is. Die wortels word oor die klip gebuig en gerangskik om op hulle beste te vertoon. Die wortels word dan vasgebind met lyn of rek. Die krake of slote in die klip kan gebruik word om die planting meer interressant te laat vertoon. Die wortels bind en verdik vinniger indien dit in die krake en barste afgelei word.

Wanneer die wortels reg gerangskik is, word die lang wortels wat by die klip verbysteek, onder die

klip ingevou. Die rots word dan in die grondmengsel geplaas. Deur die wortels so onder die klip te plaas sal die wortels met tyd aan die klip vasheg. 'n Tydelike houer wat diep genoeg is om die planting tot by die stam van die boom met grondmengsel te bedek, word gebruik. Die planting kan dan vir 'n paar dae in skadu geplaas word en die loof gesproei word. Normaalweg lewer wildevye egter nie probleme om te groei nie..

Met verloop van tyd word die boonste grond verwyder en die wortels geleidelik skoon gewas. Die wortels op die rots verdik redelik vinnig indien dit aan sonlig blootgestel word.

Na ses tot twaalf maande kan die planting oorgeplaas word in 'n vlakker houer sodat al die wortels oor die rots sigbaar is. Die boom en rots kan in die middel van die houer geplaas word indien die boom boop die klip geplaas is. Dit is egter verkieslik om dit effens links of regs van die middellyn van die houer te plaas - veral in geval van bome wat 'n lae kaskade tipe tak het. Die grondmengsel in die vlakker houer bestaan uit gelyke dele kompos en skoon riviersand.

Die hitte van die klip gedurende die dag laat die wortels en boom vinnig groei. Met verloop van tyd sal die boom die klip oorheers. Wanneer die boom en wortels goed gevorm is, moet die groei ingeperk word om die aantreklikheid te behou.